



# Gesinne in Harmonie

Volume 18, September 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Liewe Ouers,

Hierdie foto het ek in 'n epos ontvang met die titel "Humanity". Daar was 'n hele klompie foto's in dieselfde epos; sommige met 'n storie by. Hierdie een het geen byskrif of storie gehad nie.

Ek dink julle sal saamstem dat dit 'n foto is wat mens se hart aanraak en nie eens 'n byskrif nodig het nie. Die foto self vertel die storie.

Dink vir 'n oomblik daaraan dat jy nou 'n joernalis is en hierdie foto in die pos kry. Jou opdrag is om 'n storie hieroor te skryf, sonder om 'n onderhoud te voer of die mense op die foto te kontak.



Watter titel sou jy vir jou storie gee? Waarop sou jou storie fokus?

Ek is seker mens kan ryk en arm teenoor mekaar stel of **absolute moedeloosheid en wanhoop** teenoor **medemenslikheid**. Of selfs **gee** teenoor **ontvang**.

Die foto laat my aan ons gemeentevisie dink : "Deur Christusliefde gee ons vir almal om"

Hierdie man beeld dit so mooi uit. Heel moontlik ken hy hierdie vrou van geen kant af nie. Dit lyk na 'n skroeiende warm dag - en wat hy raaksien, weet ons nie, maar wat hy doen, spreek boekdele. Hy trek sy eie plakkies uit en gee dit aan 'n vrou wat heel moontlik meer stukkendheid in haar lewe het as bloot haar klere. Sy hele houding beeld uit dat hy omgee. Hy gooi dit nie na haar kant toe nie, maar buig met sy hele lyf om dit by haar voete neer te sit.

Die meeste van ons staan in ons lewens nie in haar 'skoene' nie, maar kan in hierdie foto die hartseer en desperate wanhoop en selfs skaamte oor haar sien hang.

Die meeste van ons is aan die 'ander kant' in die posisie om te gee en om waarlik om te gee en Christusliefde uit te beeld.

Wat daarvan as ons as ouers hierdie maand 'n punt daarvan maak om die ware Christusliefde aan ons kinders uit te beeld en vir hulle doelbewus leer wat hierdie soort omgee beteken? Waar anders gaan hulle dit leer?

Gebruik gerus hierdie foto en hou 'n gesinsbespreking oor hoe jy en jou gesin in ons gemeente 'n verskil kan maak - in onselfsugtige Christusliefde mekaar en ander kan dien!

**Saam in Sy diens,**

**Lita**

## Notas vir die yskas

### Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerksaal

- ◆ 8 September - Moot Karnaval te Adelaars
- ◆ 9 September - gewone klas
- ◆ 16 September - Almal in kerk vir die feesgeleentheid van die r12-reeks  
Uitstalling in saal van al die kleingroepe se r12 projekte

Let wel:

Ons kinders doen ook hul uitstalling en sing in die kerk tydens die diens. Kom geniet jou kinders se entoesiasme!

### Manne-Oase

Hou die Rietnuus Sondag dop vir aankondigings - daar word een maal 'n kwartaal 'n samekoms spesiaal vir ons manne gereël.

Kontak **Pieter Malan** (details op die agterblad)

### Gemeentekamp

Jaarlikse Gemeentekamp van 21 tot 24 September 2012

Kyk op die agterblad vir die advertensie en maak seker jy bespreek vroegtydig!

### Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: [mootcare@vodamail.co.za](mailto:mootcare@vodamail.co.za)

Webblad: [www.mootcare.co.za](http://www.mootcare.co.za)



**Onthou die Moot-Karnaval!**  
**Saterdag, 8 September 2012**  
**by Adelaars rugbygronde**  
**Ingang in 18de Laan**



# Gesinne in Harmonie

Volume 18, September 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## 'n Belofte aan my kinders

Toe ek die eerste keer hierdie belofte lees, was dit nogal snaaks, want ek het 'n baie lewendige verbeelding en veral die idee van 'hunt you down like a bloodhound when needed' het wonderlike beelde van ma's wat met hul neuse op die grond hul kinders agtervolg en om die hoekies wegkruip om hulle af te luister, laat ontstaan!

### *My Promise to my children*

*I am your Mother. I will stalk you, flip out on you, lecture you, drive you insane, be your worst nightmare and hunt you down like a bloodhound when needed because I LOVE YOU! When you understand that, I will know you are a responsible adult. You will NEVER find someone who loves, prays, cares and worries about you more than I do!*

Tot ek beseft het: 'n Ma (en dikwels 'n Pa ook) wil presies dit doen!

**Jy wil WEET** wat jou kind doen, wat hy dink waar hy rondhang, met watter vriende hy kuier en wat hulle vir hom leer.

As jy 'n dogter het, dink ek dis nog erger en kan jy jouself maklik in 'n maagseer in bekommer! Dis jou meisiekind, jou kosbaarste en **jy wil BESKERM** ten alle koste!

Terwyl hulle peuters is, is dit maklik, want jy besluit wat hulle eet, aantrek, waar hulle kuier en by wie.

Selfs as hulle kleuters is, is dit nog redelik maklik, want hulle is steeds van jou afhanklik en al sry hulle oor wat hulle wil eet en wil aantrek, wen jy nog redelik maklik 'n

redenasië met 'omdat ek so sê' of 'sommers'.

Dan gaan hulle skool toe en Juffrou begin belangriker as Pa en Ma raak. Maar selfs dan is dit nog steeds nie te moeilik nie en is die grootste rusies oor kos, klere, huiswerk doen of nie en rusies tussen broers en susters. En hulle soek saans darem nog na Ma of Pa as dit slaaptyd raak.

En dan begin hulle skielik belangstel in meer as net wat die volgende maaltyd gaan wees. Hulle maats begin skielik rolmodelle word en die maats se ouers is skielik baie meer cool, weet baie meer as jy en het baie meer empatie met hulle. Jy verstaan hulle nie, het nie 'n benul waarin hulle belangstel of wat vir hulle belangrik is nie. Eintlik is jy heeltemal 'dof' in hulle oë en hulle maak glad nie 'n geheim daarvan nie!

Die aard van hulle belangstellings verander só dat dit jou begin geld kos ... jy't nie geweet jou kinders het sulke duur smaak ontwikkel nie ...!

Skielik mis jy die wetenskap-eksperimente waarmee jy te doen gekry het as jy na 'n week of wat op 'n vrot kosblik in jou kind se deurmekaar kamer afgekom het.

Jy mis die dogtertjie met die boksterte wat haar kieste opgepof het as jy geweier het dat sy kaalvoet skool toe gaan omdat die juffrou nie toestemming in 'n briefie huis toe gestuur het nie.

Jy mis die seunskind wat met modderbesmeerde klere en windverwaaide kuif al skietende op denkbeeldige terries deur die huis gekletter het.

Jy mis die kind wat snags al strompelend by jou kom inkruip het of saans nie wou slaap as jy nie haar hand vasgehou het nie.

Want skielik bly daar 'n vreemdeling in jou huis. Een wat gedurig agter 'n toe deur na harde musiek wil luister, tot watter tyd in die nag op die selfoon lê en 'chat', gedurig met toe gordyne in 'n donker kamer wil wees, 'n los-my-uit-houding het en permanent dikmond is.

Dis dan wanneer jy hierdie belofte moet uithaal, dit GROOT moet druk en dit op elke moontlike en onmoontlike plek vir jou kind moet los. Wys dit, sê dit, skryf dit, plak dit, gee dit vir hulle by die lepelsvol in!

Dis wat hulle dan sekerlik die nodigste het: Om te weet dat jy hulle liefhet, ten spyte van al hulle giere en geite.

"My pa en ma het my onvoorwaardelik lief. Ek is OK, want hulle sal nooit ophou om my lief te hê nie."



# Gesinne in Harmonie

Volume 18, September 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## *The Stranger*

*(received per email)*

A few years after I was born, my Dad met a stranger who was new to our small town.

From the beginning, Dad was fascinated with this enchanting newcomer and soon invited him to live with our family. The stranger was quickly accepted and was around from then on.

As I grew up, I never questioned his place in my family. In my young mind, he had a special niche. My parents were complementary instructors: Mom taught me good from evil, and Dad taught me to obey.

But the stranger... he was our storyteller.

He would keep us spellbound for hours on end with adventures, mysteries and comedies.

If I wanted to know anything about politics, history or science, he always knew the answers about the past, understood the present and even seemed able to predict the future! He took my family to the first major league ball game. He made me laugh, and he made me cry.

The stranger never stopped talking, but Dad didn't seem to mind.

Sometimes, Mom would get up quietly while the rest of us were shushing each other to listen to what he had to say, and she would go to the kitchen for peace and quiet. (I wonder now, if she ever prayed for the stranger to leave.)

Dad ruled our household with certain moral convictions, but the stranger never felt obligated to honor them.

Profanity, for example, was not allowed in our home - not from us, our friends or any visitors.

Our long time visitor, however, got away with four-letter words that burned my ears and made my dad squirm and my mother blush.

My Dad didn't permit the liberal use of alcohol but the stranger encouraged us to try it on a regular basis. He made cigarettes look cool, cigars manly, and pipes distinguished.

He talked freely (much too freely!) about sex. His comments were sometimes blatant, sometimes suggestive, and generally embarrassing.

I now know that my early concepts about relationships were influenced strongly by the stranger.

Time after time, he opposed the values of my parents, yet he was seldom rebuked ... and NEVER asked to leave.

More than fifty years have passed since the stranger moved in with our family.

He has blended right in and is not nearly as fascinating as he was at first. Still, if you could walk into my parents' den today, you would still find him sitting over in his corner, waiting for someone to listen to him talk and watch him draw his pictures.

His name?....

We just call him 'TV.'

(Note: This should be required reading for every household!)

He has a wife now....we call her 'Computer.'

Their first child is "Cell Phone". Second child "I Pod "



## *Ons Huisreëls:*

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e a l t y d toepaslik op

- Anoniem -

*"No-one has ever stumbled onto an Opportunity while sitting down Go ahead; try to stumble while you sit."*

- Anonymous

*Most of the important things in the world have been accomplished by people who have kept on trying when there seemed to be no hope at all.*

- Dale Carnegie



# Gesinne in Harmonie

Volume 18, September 2012  
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



## Boekwurms

Jy is wat jy lees!  
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

## Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

## Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

-----  
Diensleier:

Peet Dorfling

Telefoonnommer:  
084 464 7102

Epos:  
[peet@productivitysa.co.za](mailto:peet@productivitysa.co.za)

-----  
Besoek ons gemeente  
se webwerf en kyk  
onder

Die Koffiepot

vir Volume 1-3 van  
Ouers in Harmonie en  
nou Gesinne in  
Harmonie!

## Jaarlikse Gemeentekamp

Hier is 'n 'snapshot' van die uitnodiging na die jaarlikse gemeentekamp. Alle verdere details is op ons webtuiste te kry onder Die Koffiepot.

Skakel gerus vir Basson Geldenhuys of per epos vir Egbert Uys en maak seker dat jy betyds bespreek.

Dis die ideale geleentheid vir 'n heerlike ontspanne gesinsnaweek met jou eie familie, sowel as jou geestelike familie!

NG Kerk Rietfontein-Suid  
Gemeentekamp 21 - 24 Sept '12

"Saam is ons beter!!!"



**WAAR:** Emmarentia Geldenhuys Terrein, Bela-Bela (Warmbad)



**AKKOMMODASIE:** Kamers of kampeer (eie woowa/tent.)

**TARIEWE:** (per persoon vir die naweek - 3 nagte):

**Kamers:** Volwasse R180; Skolier/student R150; Voorskool (4jr+) R60

**Tent/Woonwa** (eie): Volw. R120; Skolier/student R90; Voorskool (4jr+) R60

**ETES:** Eie voorraad en self voorberei. Vure sal verskaf word. (Sien program)

**PROGRAM:** Voorlopige program agterop.



**INSKRYWINGSVORM:** Beskikbaar by MI-toonbank, en binnekort

ook op die kerk se webblad. Andersins e-pos vir [egbert.uys@necsa.co.za](mailto:egbert.uys@necsa.co.za)

**ALMAL WELKOM (Jonk & minder jonk)– Bespreek nou om plek te verseker!!**

Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnommer:  
084 038 8993

Epos:  
[caddvanzyl@absamail.co.za](mailto:caddvanzyl@absamail.co.za)

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:  
071 6488 656

Epos:  
[basson.geldenhuys@dpw.gov.za](mailto:basson.geldenhuys@dpw.gov.za)

Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnommer:  
082 444 1112

Epos:  
[phmalan@gmail.com](mailto:phmalan@gmail.com)

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnommer:  
082 453 8421

Epos:  
[brendabarnard@gmail.com](mailto:brendabarnard@gmail.com)

Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnommer:  
083 420 2217

Epos:  
[djennadia@gmail.com](mailto:djennadia@gmail.com)

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:  
082 453 8421

Epos:  
[lspreeth@sars.gov.za](mailto:lspreeth@sars.gov.za)